## Lokvalstelling (“Entrapment”)

Wat is lokvalstelling? [27]

Lokvalstelling vind plaas wanneer 'n geleentheid vir die pleging van 'n misdryf geskep word vir die spesifieke doel vir die verkryging van bewyse, ten einde 'n skuldigbevinding te verkry. Dit behels noodwendig alreeds 'n groot mate van misleiding, en soms is die agent of agent-aanhitser wat die lokval uitvoer, oënskynlik ook betrokke by die onwettige aktiwiteite.  As gevolg van hierdie eienskappe is daar kommer dat die tegniek misbruik kan word, en dat mense wat andersins nie ‘n misdaad sou pleeg nie, met ander woorde onskuldig, onregverdig in ‘n versoeking geplaas word om dit te doen.

Dit dien ook gemeld te word dat ingevolge Art 208 van die Strafproseswet (SPW), Wet 51 van 1977 ‘n skuldigbevinding verkry kan word op die getuienis van ‘n enkele betroubare getuie. Die term “betroubare getuie” is op die oordeel van die staat gegrond.

Artikel 35 (5) van Die Grondwet maak ook voorsiening dat sekere getuienis met betrekking tot die aanwending van lokvalle ontoelaatbaar mag wees.

Uitlokking kan dus moontlik aangewend word as geldige verweer in strafsake.